KEETMANSHOOP - ‘n Eeufees sonder geskiedenis

DIE hoofstad van die Suide, Keetmanshoop, vier vanjaar die honderste jaar sedert die dorp munisipale status verkry het, maar nou het belangrike grepe uit die dorp se geskiedenis net “verdwyn”. ‘n Oudburgemeester en bekende sakeman van die dorp, mnr. Willie Kotze, is nou egter besig om hierdie skakels te las en vir die nageslagte te bewaar.

“Omdat die dorp in 1909 munisipale status ontvang het, soek ek nog ou foto’s, enige soort, geboue, gebeure, burgemeesters, en noem maar op. Ek het reeds ‘n paar swak afdrukke van vorige burgemeesters opgediep en glo dit as jy wil, ek kry nie ‘n ordentlike foto van Kurt Johannesson nie!” het mnr. Kotze aan Suiderland vertel.

Sy pogings om in die argiewe van die munisipaliteit te soek na hierdie foto’s en inligting, het dusver niks opgelewer nie en skynbaar is al die foto’s van vorige burgemeesters en stadsrade uit die munisipale raadsaal verwyder en vernietig. Hoewel Keetmanshoop as dorp reeds op 14 April 1866 gestig is met die aankoms van die eerste Rynse sendeling, Johann Georg Schröder, was dit eers veel later dat die dorp munisipale status verkry het.

Die dorp is vernoem na die Duitse handelaar, Johann Keetman, wat die Rynse Sendinggenootskap op die dorp finansieë ondersteun het. Voordat die dorp na Keetmanshoop herdoop is, was dit bekend as Swartmodder, ‘n direkte vertaling van die Namawoord, Nu-gouses.

Die Stadsraad, Adviesraad en Raadplegende Komitee van Keetmanshoop van 1992.
Die !kharo-Oan Nama- stam onder leiding van kaptein Hendrik Tseib het hulle in 1866 op die dorp gevestig. Om die nuwe gemeente te bedien, is ‘n kerkgebou opgerig wat op 28 Oktober 1890 tydens die groot vloed verspoel het. ‘n Nuwe kerk is later op hoër grond gebou en op 8 Mei 1895 ingehuldig en op 17 Junie 1978 is die gebou as ‘n nasionale monument verklaar. Hierdie gebou bestaan vandag nog in sy oorspronklike vorm en huisves ‘n museum.

Volgens mnr. Kotze was die Bondels-opstand wat op 25 Oktober 1903 begin het en die sogenaamde Groot Hottentotte-opstand van 1904, van deurslaggewende belang in die formele stigting van ‘n dorp in die ware sin van die woord. “Plaasboere moes hul vee verkoop en die plase verlaat. Die blanke landelike bevolking het verdwyn, maar die bevolking van Keetmanshoop het toegeneem omdat die dorp ‘n belangrike sentrum vir soldate geword het,” het mnr. Kotze verduidelik.

Die spoorlyn vanaf Windhoek na Keetmanshoop is op 20 Junie 1908 voltooi en die dorp is per telegraaflyn met Kaapstad verbind. In 1907 het die helfte van die dorp se inwoners nog in tente gewoon en in 1908 het die dorp werklik begin uitbrei. Op 28 Januarie 1909 is deur ‘n keiserlike bepaling selfbestuur aan die destydse Suidwes-Afrika toegestaan.

‘n Algemene verkiesing het op 15 Oktober 1909 plaasgevind, maar mnr. Kotze kon geen inligting oor die uitslae in die argiewe vind nie. Die grense van die Bezirk Keetmanshoop is na die opstande verander omdat die distrik van Warmbad, wat onder die beheer van Keetmanshoop gestaan het, op 1 April 1909 as selfstandig verklaar is.

Die distrik van Bethanie is ook op 1 Oktober 1909 selfstandig verklaar. Gedurende die oorlog van 1914 tot 1918 het die Duitse magte Keetmanshoop op 19 April 1915 ontruim en alle Aktes van die Bezirksamt is na Windhoek gestuur waar dit volgens die Akteplan van 1912 gesorteer en saam met die Amtsbücher in ‘n goeie toestand behoue gebly het.

Die volledige munisipale rekords van die dorp het egter verlore geraak. Sommige geskiedkundige bronne dui aan dat volwaardige munisipale status gedurende April 2009 aan Keetmanshoop toegeken is, maar ander dui op 1 November 1909.

Volgens geskiedenisboeke oor die dorp het die militêre owerheid die dorp se bestuur gedurende 1909 aan ‘n burgerlike owerheid oorhandig en ‘n Dr. Otto Forkel, ‘n befaamde regsgeleerde, was die eerste burgemeester.

Ander rekords dui daarop dat Keetmanshoop op 1 November 1909 munisipale status verkry het ooreenkomstig die bepalings van ‘n proklamasie ingevolge die Rykskanselier se ordonnansie op selfbestuur in Duits Suidwes-Afrika van 28 Januarie 1909 en die ordonnansie op die instelling van plaaslike besture in Duits Suidwes-Afrika van 5 Februarie 1909.

========

Berig: Die Republikein 2009

==========

Mnr. Willie Kotze tydens sy ampstermyn kort voor Namibië se onafhanklikheid. (1989- 1991)